Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

| |
|---|
| |
| 40 |

# GRONDSLAGFASE

## GRAAD 3

## NOVEMBER 2017

# AFRIKAANS HUISTAAL

**PUNTE:** **40**

**TYD:** **1 uur**

**NAAM:** ______________________________

**VAN:** ______________________________

*3AFHL*

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees al die instruksies en vrae deeglik deur.

2. Beantwoord al die vrae op die vraestel.

3. Die onderwyser sal die praktiese oefeninge met jou deurgaan voordat jy met die toets begin.

4. Die toets tel 40 punte.

5. Die toets duur 60 minute (1 uur).

## PRAKTIESE OEFENINGE

1. Omkring die letter langs die regte antwoord.
   Ons plant groente in die ...

   A skool
   (B) tuin
   C plaas

   Jy het die vraag korrek beantwoord indien jy B omkring het.

2. Omkring die regte woord tussen hakies.

   Ek (bere / bêre) my klere in die kas.

   Jy het die vraag reg beantwoord indien jy die woord bêre omkring het.

3. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.

My suster brei vir haar 'n ...

| | |
|---|---|
| appel | |
| trui | x |
| skoene | |

Jy het die vraag reg beantwoord as jy 'n kruisie (x) in die blokkie langs die woord trui gemaak het.

4. Die sinne hieronder vertel ons wat Jannie elke oggend voor skool doen.

Nommer die sinne (1 - 4) in die blokkies om die regte volgorde aan te dui van wat Jannie voor skool doen.

| | |
|---|---|
| Hy was homself in die badkamer. | 2 |
| Hy trek sy skoolklere aan. | 4 |
| Hy borsel sy tande. | 3 |
| Hy staan op uit sy bed. | 1 |

Jy het die vraag reg beantwoord as jy die sinne in die regte volgorde genommer het.

In jou toets sal jy nog vrae soos hierdie kry om te beantwoord.


**Die toets begin op die volgende bladsy.**

**Lees die storie en beantwoord vrae 1 - 4.**


Ouma het kom kuier. Sy het per trein gekom met 'n tas vol geskenke, en 'n tas vol breiwerk. Nolan het geweet die geskenke sou weer gebreide goed wees. Pa en ma het elkeen 'n serp gekry en baba 'n kombersie met katjies op. Katrien het 'n gestreepte trui met 'n katjie daarop gekry. Net Nolan het 'n gewone trui sonder 'n prentjie gekry. Nolan was nie baie gelukkig nie. Hy wou ook 'n trui met 'n prentjie gehad het.

Op 'n dag het Nolan alleen by Ouma gaan kuier. Hy was effens bang, want hy sou moes sit en kyk hoe Ouma brei. Ouma het hom verras en hom parkie toe geneem waar hy met sy vlieër gespeel het. Daarna is hulle dieretuin toe. Hulle het ook die heining om Ouma se tuin geverf.

Die volgende dag het Ouma gesê dat sy vir Nolan 'n trui gaan brei. Ouma het toe vir hom 'n trui met 'n heining en 'n boom vol appels gebrei. Die een mou het 'n bootjie, wat op die rivier dryf, gehad. Daar was 'n prentjie van 'n vlieër wat in die parkie vlieg op die ander mou. Op die agterkant van sy trui was 'n leeu wat in die dieretuin woon. Nolan se trui het vertel van sy hele vakansie by Ouma. Hy was baie bly oor sy mooi trui. Toe Nolan by die huis kom, het hy vir almal sy pragtige trui gewys.












1. **Beantwoord die volgende vrae:**

1.1 Skryf 'n gepaste titel/naam vir die storie. (1)

------------------------------------------------------------

1.2 Wie het kom kuier? (1)

------------------------------------------------------------

1.3 Hoekom was Nolan nie baie gelukkig nie? (1)

------------------------------------------------------------

1.4 Noem een van die twee plekke waarheen Ouma vir Nolan geneem het. (1)

------------------------------------------------------------

1.5 Wat dink jy was Ouma se stokperdjie? (1)

------------------------------------------------------------

2. **Voltooi die volgende sin:**

Ouma het toe vir hom 'n trui gebrei met (1)

------------------------------------------------------------

3. **Watter prentjie was op die agterkant van Nolan se trui?** (1)

------------------------------------------------------------

4. **Dui die regte volgorde van gebeure in die storie aan. Nommer die sinne 1 – 4 in die blokkies.**

| | |
|---|---|
| Nolan se trui het toe die hele storie van sy vakansie by Ouma vertel. | |
| Op 'n dag het Nolan alleen by Ouma gaan kuier. | |
| Ouma het kom kuier. | |
| Hulle het ook die heining om Ouma se tuin geverf. | |

(1)

5. **Omkring die regte woord tussen hakies:**

5.1 Jannie spring hoog, maar Sipho spring (hoer / hoër). (1)

5.2 My suster hou daarvan om in die (spieël / spieel) te kyk. (1)

5.3 Ons (sker / skêr) is baie skerp. (1)

6. **Onderstreep die korrekte woord tussen hakies:**

6.1 My pa het 'n tien rand (noot / nood) in sy beursie. (1)

6.2 Die baba (heil / huil) baie hard. (1)

7. **Maak 'n kruisie (X) in die blokkie langs die korrekte antwoord.**
Daar is sewe ____________ in 'n week. (1)

| | |
|---|---|
| dag | |
| daa | |
| dae | |

8. **Kyk na die prentjies en voltooi die sinne:**

8.1 My  _____________ klop vinnig as ek bang is. (1)

8.2 Ons maak 'n groot  ___________ . (1)

8.3 My pa  ______________ die huis. (1)

8.4 Die kinders speel in die  ______________ . (1)

8.5 Die  ______________ vlieg weg. (1)

**9. Kyk na die prent en beantwoord vrae 9.1 en 9.2.**



**Omkring die regte antwoord:**

9.1 Wat doen die kinders? Die kinders ...

A speel met 'n bal.
B skilder prente.
C gesels met mekaar. (1)

9.2 Wat gebruik die kinders om te skilder?

A 'n potlood
B hulle vingers
C kwassies en verf (1)

Kopiereg voorbehou

10. **Skryf die volgende sinne oor. Kies die regte voegwoord in die onderstaande blok om die sinne te verbind.**

| want | daarom | maar |
| --- | --- | --- |

10.1 Sara gaan dokter toe. Sy is siek. (1)

10.2 Daar was baie kos. Ek was nie honger nie. (1)

11. **Skryf die volgende sinne oor en vul die regte leestekens in:**


11.1 woon 'n president ook in 'n paleis (2)

11.2 Sjuut, die baba slaap sê ma. (2)

12. **Lees die advertensie en beantwoord die vrae:**

# Die geskenkwinkel


Hier kry jy die mooiste geskenke teen die beste pryse!!!!!




12.1 Wat is die winkel se naam? (1)

12.2 Watter geskenk kos dieselfde as die motortjie? (1)

13. Kyk na die prentjies en skryf die sinne in die korrekte volgorde:

| | |
|---|---|
|  |  |
| Ma kry hom jammer en gee vir hom 'n roomys. | Die bal tref die venster. |
|  |  |
| Die kind slaan die bal met die kolf. | Pa gee die kind 'n pak slae. |


1. ..............................................................................................................

2. ..............................................................................................................

3. ..............................................................................................................

4. .............................................................................................................. (1)

14. Die grafiek wys waarvan die kinders by die skool hou.
Kyk na die grafiek en beantwoord VRAE 14.1 – 14.4.
Elke blokkie tel 5 (vyf). Jy kán mos mooi in vywe tel.




14.1 Waarvan hou die kinders die meeste? (1)

............................................................................................................................

14.2 Waarvan hou die kinders die minste? (1)

............................................................................................................................

14.3 Waarvan hou die kinders ewe veel? (1)

............................................................................................................................

14.4 Noem een van jou gunsteling peuselhappies. (1)

............................................................................................................................

15. Skryf ten minste tien (10) sinne in twee (2) paragrawe oor
**"My stokperdjie"**

Maak seker jy gebruik die regte taal, spelling en leestekens.
**"Moenie jou sinne nommer nie."**

**My stokperdjie**

(6)

**TOTAAL: 40**

Kopiereg voorbehou